


# NG Gemeente Rietfontein-Suid

## Bybel Blokraai - April 2012



### Tema: Genesis 1 tot 15

#### Dwars

1. 'n Mineraal uit die land Hawila. (Gen. 2: 12)
5. Hy het een seun meer gehad as Jakob. (Gen. 10:26)
7. Die area waarheen Lot getrek het. (Gen. 13:10)
8. God wys Abraham daarop dat sy nageslag vir soveel jaar lank in Egipte verdruk sal word. (Gen. 15:13)

11. Dit was voorheen nie die Soutsee genoem nie. (Gen. 14:3)
15. Abraham wou selfs nie eens 'n \_\_\_\_\_ neem van Kedor-Laomer se buit nie. (Gen. 14:23)
19. Die aantal lope van die rivier in Eden. (Gen. 2:10)
20. Die hoogte in el van elke vloer van die ark. (Gen. 6:15-16)
21. Sy het iemand anders se vrou geword ter wille van haar eie man. (Gen. 12: 14-17)
22. 'n Kleinseun van Gam het hierdie stad van Jona gebou. (Gen. 10:11)
23. Hier was 'n terpentynboom. (Gen. 12:6)
24. Die aantal volwassenes in die ark. (Gen. 7:13)
26. Noag se beroep. (Gen. 9:20)
28. Dit het ook bygedra tot die hoeveelheid water op die aarde tydens die sondvloed. (Gen. 7:11)
29. Hy het maar gretig saam geëet aan die vrugte. (Gen. 3:6)
30. Op sy sterfbed was hy sewentien jaar jonger as toe sy oupagrootjie op sy sterfbed was (leidraad: die manne van naam). (Gen. 5:6-17)

## Af

2. Een van die dinge wat nooit sou ophou ná die vloed nie. (Gen. 8:22)
3. Die naam van die eerste stad waarna verwys word in die bybel. (Gen. 4:17)
4. Die naam van Abraham se broer wat gesterf het terwyl hul vader nog gelewe het. (Gen. 11:27-28)
6. Abraham het hierheen teruggekeer vanuit Egipte. (Gen. 13:1)
9. Die bediende wat alles sou erf. (Gen.15:2)
10. God het dit op die tweede dag geskape. (Gen. 1:6-7)
12. Hiermee sal die mens sy brood verdien. (Gen. 3:19)
13. Die ark se lengte was soveel keer langer as die wydte. (Gen.6:15)
14. Hulle is op die sesde dag geskape. (Gen. 1:24)
16. Noag het dit eerste uitgestuur vanuit die ark. (Gen. 8:7)
17. Verbondsteken. (Gen. 9:13)
18. Hierdie land was deel van 'n groot ryk waar ook 'n toring gebou was. (Gen. 10:9, 11:2)
25. Die tweede oudste persoon in die bybel. (Gen. 5:19)
27. Die naam van die eerste dogter waarna verwys word in die bybel. (Gen. 4:22)